
MAMBA
´n Roman
Pieter Henning

# MAMBA

Pieter Henning

WOODROCK
PUBLISHING

# Proloog

Sneeuvlokke sif deur die takke en val geruisloos op die kis. Die twee werkers wag eerbiedig op sy vertrek, hul handskoene lomp om die graafstele gevou. Hy skuil onder die swart sambreel en huil geluidloos, sy smart word alleen deur die rukking van skouers verraai.

Die toeklap van deure en aanskakel van enjins het stil geraak. Hy kyk om na die verlate parkeerterrein. Daar is net een voertuig oor. Langsaan staan 'n ouer man in 'n dik jas. Hulle is te ver uit mekaar om oogkontak te maak, maar naby genoeg om hul hartpyn te deel. Sy blik skuif terug na die graf.

Die sneeu val nou swaarder, onophoudelik. Die digte vlokke word 'n weerspieëling van die waas waarin hy die afgelope week geleef het.

Hy hoor weer die selfoon se lui, sien homself dit optel. Dit is sy ma. Kan sy hom by Tim Hortons ontmoet? Vanmiddag nog. Daar is iets wat sy hom moet vertel. Kan dit nie wag nie? Dis onnodig om in dié sneeu te ry! Nee. Nou, asseblief. Iets in haar stem het hom tot toegewing gedwing. Ja, sy sal versigtig ry …

Wat sou dit wees wat nie langer kan wag nie?

Agter hom roep ‘n stem gedemp. Hy kyk om. Die man wink hom nader.

Sy hart draai seer van die oop graf af weg.

Stadig stap hy kar toe, sy gemoed bleek soos die takke wat blaarloos bo die graf bly hang.

Ná die werkers hulle taak voltooi het, verander die growwe swart grondhoop langsamerhand in ’n sagte wit sneeubultjie.

# 1

Arrie steek in sy spore vas. Dit kan nie wees nie! Voor hom is net die leë stellasie. Die eerste sonstrale gooi dofgeel kolle op die kaal yster. Die sonpaneel is weg! Stomgeslaan stap hy die oopte tussen die Bosveldbome in tot by die betonblok bo-op die boorgat. 'n Stuk afgeknipte kabel wys soos 'n stomp vinger na waar die sonpaneel moes wees.

Hulle het dit sowaar gesteel! Dis natuurlik hoekom die tenk leeg is. Die sonpomp werk nie ...

Is dit nou wragtig dieselfde kak hier as in die stad?!

Dan tref dit hom: Hulle kan nog steeds hier wees! Opeens raak hy bewus van die trommeling van sy hart teen sy borskas, sy vinnige, vlak asemhaling. Hy bly doodstil staan en fynkam die veld om hom, ore gespits vir 'n ritseling, 'n tak wat kraak, 'n klip wat kantel. Niks. Alleen maar die voëls. Stadig begin hy ontspan.

Hoe lank sou die sonpaneel al weg wees? Netnou toe hy opgestaan het en water in die ketel wou tap, was die kraan leeg. Hy het buitetoe geloop en die watertenk se kraan oopgedraai. Ook niks. Terwyl hy smag na sy eerste koppie koffie het hy geen ander keuse gehad nie as om eers teen die rantjie agter die huis op te stap en te kom kyk wat hier by die boorgat fout is.

Die feit dat die tenk leeg is, beteken die pomp moes al ‘n paar dae nie gepomp het nie.

Stadig stap hy rondom die boorgat, versigtig om nie enige tekens of spore te versteur nie. ‘n Geritsel laat hom vinnig omswaai. Hy is net betyds om ‘n ribbok swenkend in die lang gras te sien verdwyn. Verlig draai hy terug na die boorgat toe. Nou merk hy die fyn blaarsleepsels in die sand. Natuurlik om die spore dood te vee.

Arrie draai stadig in die rondte en bespied die veld nog ’n keer. Hy haal sy selfoon uit en soek deur sy kontakte vir die Rankinspaspolisiestasie. Hy kry die nommer en skakel dit. Terwyl hy wag dat die selfoon lui staar hy in die verte. Oorkant hom verkleur die Sewe Susters stadigaan soos wat die môreson se strale teen die kranse afskuif. Ná ‘n rukkie besef hy die foon lui glad nie. Hy kyk na die skerm. Dêmmit, hy het al weer vergeet: Die sein hier is ellendig wisselvallig. Hy druk die foon terug in sy sak, besef hy sal na Rankinspas toe moet ry.

Arrie is op die punt om terug te stap huis toe toe ‘n reeks spookagtige fluitnote hom laat vassteek. Hy luister, maar dis nou stil. Daar’s dit weer! Die weemoedige fluite kom van die teenoorgestelde kant van die oopte af. Hy draai versigtig om, soek tussen die stamme en blare, maar sien niks. Opeens vlieg ’n groterige voël tussen ‘n kol digte blare uit en gaan sit op ‘n tak skuins voor hom. Die voël se onderkant is heldergeel, sy rug geelgroen, sy kop grys. Verby die stewige swart snawel tuur ‘n goudgeel oog na Arrie. Hy bly doodstil staan en kyk gefassineerd terug. Oomblikke later vlieg die voël weer op en verdwyn tussen die bome, terwyl Arrie hom agternakyk.

Net toe hy wil terugdraai, sien hy die paadjie. Dit is half

versteek tussen die lang gras op die rand van die oopte. Waar sou dít heen lei, wonder hy? Dalk agter die koppies om huis toe? Miskien is dit die voetpaadjie wat hy vroeër gesien het, die een wat by die grondpad nie ver van die plaashuis af nie aansluit. Arrie wik en weeg. Dan tree hy tussen die grasstingels in en vat koers met die onbekende paadjie.

Aanvanklik loop hy versigtig, kyk heeltyd om hom rond, luister. Wie ook al die sonpaneel gesteel het, moet sekerlik nou al ver weg wees. Nogtans voel hy blootgestel, asof daar enige oomblik iemand voor hom kan opspring of tussen die bome te voorskyn kan kom. Hy wens dat Springer nou hier was. Sy skrik vir niks nie, en sou dadelik weet as daar iemand in die gras wegkruip.

Die paadjie het nou vol klippe geword en loop ál met die voet van die koppie langs. Arrie kyk op na die groot rotsstapels bo hom. Oral tussen die rotsskeure groei boomstamme uit – 'n verskeidenheid van kleure, knoetse en teksture wat beur om blare ligwaarts te stoot. Plek-plek pronk trosse oranje bloeisels aan stamvrugbome. Hy kan nie help om hom te verwonder aan al die skakerings van groen om hom nie.

Sy gedagtes dwaal terug na Johannesburg. Dit is skaars tien dae gelede wat hy inderhaas daar weg is, maar dit voel soos 'n ewigheid. Wat 'n jaar!

Eers het Louw & De Jager die provinsiale aanstelling verloor, sý aanstelling. Vir geen goeie rede nie – dit was maar net die nagevolg van nóg 'n tenderbedrogspul wat oopgevlek is. Sy ganske lewe was in die projek: sy idees, sy ontwerpe, sy planne. Die gebou sou 'n vervulling wees van sy drome en aspirasies om argitek te word. Daarna het alles net vir hom te veel begin word. Die daaglikse gestoei met roekelose

taxi's in die verkeer, die nuus van diefstal, gewapende roof, gewelddadige motorkapings en plaasmoorde wat elke môre op plakkate teen lamppale uitgebasuin word, korrupsie, politieke binnegevegte ... Die gedagte om uit hierdie land uit weg te kom, het al sterker by hom begin spook. Hy was reeds besig om planne te beraam.

Dit was die Houghton-projek wat die duikvlug van sy gemoed gestuit het.

En toe gebeur die plaas. Én die ding met Angelique. Hy kon net sowel 'n tuimeltreinrit geërf het ...

Skielik is daar die geluid van klippe wat voor hom skuif en sy blik kom verskrik in fokus. Arrie voel hoe die bloed koud word in sy are. Hy versteen. Die oopgesperde bek is vlak voor sy gesig – swart en klam-blink. Die groot, ronde oë staar hom intens aan. Die staalgrys lyf styg lank en dik en regop bo die paadjie uit, wieg stadig heen en weer soos 'n veer wat oorgehaal is om in 'n oogwink vorentoe te skiet.

Vasgenael staan hy, roerloos teenoor die reuseslang wat skaars 'n meter van hom af orent staan. Die reptiel se lyf lê in eindelose kronkels oor die wit klippe gedrapeer. Dit is net 'n gedeelte van die ondier wat hier voor hom staan, oop bek in lyn met sy keel. Arrie kan die dofwit van die giftande teen die swart verhemelte sien.

Vir ewige oomblikke staan hulle so teenoor mekaar: die man versteen, die slang oorgehaal.

Stadig begin die lyf terugsak grond toe. Met sy kop nog 'n halwe meter bo die grond, draai die slang skuins van Arrie af weg en begin met ritmiese kronkels tussen die klippe deur seil. Wakker kyk die reptiel om hom rond voor sy kop wegraak in die gras. Arrie hoor nog 'n enkele klip wat skuif.

Dan is dit stil.

Lank ná die laaste kronkels tussen die klippe verdwyn het, staan hy steeds beweginglоos. Hy het nog nooit in sy lewe so 'n groot slang gesien nie; kan nie glo hoe vinnig dit weer verdwyn het nie.

Arrie weet hy moet vorentoe, maar sy bene is lam en jellierig. Dagbreek se goue uur het in skelle oggendlig verander. Hy word bewus van die son se warmte op hom. Stadig asem hy uit en trek vars lug in sy longe in. Uiteindelik begin hy aanstap, versigtig, sy oë om die beurt op die klipperige paadjie voor hom en die lang gras óm hom, daar waar die slang so pas verdwyn het.

Die paadjie kronkel verder af langs die ruwe rotse. Elke klip hou skielik vir Arrie 'n bedreiging in. Wat skuil in die skeure? Die voëls het stil geword; hulle verwelkoming van die nuwe dag afgehandel, hulle aandag nou toegespits op die taak van oorlewing.

Stadigaan laat hy die rantjie met sy onheilspellende klipstapels agter. Die voetpaadjie word makker. Dan sien Arrie die pad. Nog 'n entjie. Sy vermoede was reg. Hy haal verlig asem toe hy links op die grondpad indraai. Voor hom lê die huis.

≈≈≈

Die plaashuis staan op die rand van 'n breë vallei. Miskien is "vallei" misleidend – dalk is "moot" meer gepas. Hoe dit ook al sy, die vallei lê tussen 'n parmantige klein bergreeks – Voorberg – aan die suidekant, en die onmiskenbare bastions van die Sewe Susters aan die noordekant. Soos die kraai vlieg, is dit ongeveer drie kilometer vanaf Voorberg se kam tot by

Groot Suster se kuif. Die koppies wat Arrie so pas agtergelaat het, pryk soos twee klipkarbonkels bo-op Voorberg.

Die huis is nie groot nie. Dit kom uit ′n vorige era: eenvoudige reghoek, mure grof gepleister, vensters aan die klein kant, sinkdak spits, stoep aan die voorkant, trappies wat breed afdaal tot op die werf. En dit kyk oos, af in die vallei, die opkomende son tegemoet.

Rondom die huis is die veldgras vir ′n ent kort gesny en die struike uitgedun sodat die werf met sy boekenhout en drolpeer, sy fluweelboswilg en vaalboom, amper soos ′n park lyk. Onder ′n driemanskap van groter bome staan ‘n verweerde draadtafel met vier draadstoele.

Hier het Arrie se oupa gewoon tot sy hart hom klaarblyklik ‘n jaar gelede in die steek gelaat het. Hy was al by sy negentigs en lank reeds ‘n kluisenaar. Hy het nie meer self op die plaas geboer nie, maar dit aan die buurman aan die oostekant verhuur sodat dié se wild daarop kon loop.

≈≈≈

Ná hy die agterdeur oopgesluit het, stap Arrie in. Die kombuis is klein en karig gemeubileer. Dit vorm een hoek van ′n oopplansitkamer met ‘n groot ou eettafel tussenin. Hy stap tot voor die yskas, haal ‘n plastiek waterbottel uit en gooi van die yskoue water in die ketel. Toe die water kook, maak hy koffie en gaan sit op sy oupa se gemakstoel. Hy teug stadig aan die warm koffie.

Weer en weer sien hy die beeld van die groot slang voor hom. Hy voel die rillings en sy hare wat rys. Die ding was fokken groot. Hy skud sy kop in ongeloof. Vrae bly deur sy

kop maal: Hoe lank was die slang? Waar's hy nou? Hou hy in die koppies, êrens in een van die rotsskeure? Is daar nog sulkes? Kon dit moontlik 'n swartmamba gewees het? Die blote gedagte dat hy dalk dié doodslang in die oë gekyk het, laat Arrie koud word ten spyte van die koffie se gloed in sy lyf.

Die ontmoeting met die slang het die verdwyning van die sonpaneel oorskadu. Arrie besef hy moet nou eers dié probleem oplos. Hy wil weer Rankinspas se polisiestasie bel, maar dan onthou hy van die sein. Wel, dan sal hy maar net soontoe moet ry, dink hy teësinnig. Dis so 'n driekwartier se ry. Hy wil gou eers stort, maar besef dan weer dat daar nie water in die krane is nie. Hy maak seker dat die voordeur gesluit is, vat die bakkie se sleutels van die haak by die agterdeur af, sluit toe en stap na waar die bakkie onder die afdak langs die groot wildevyeboom staan.

# 2

Die plek is nog doodstil toe Arrie dit veertig minute later binnery. Rankinspas is niks meer as ‘n polisiestasie met ‘n klein platdakwinkeltjie langsaan en ‘n paar vervalle huise rondom nie. Skuins agter die winkelgebou is ‘n klompie sinkkaias, en die enigste beweging daar is rokies wat lui in die oggendlug opkrul.

Arrie ry by die polisiestasie se hek in. Die terrein is meestal harde rooigrond rondom ‘n dooie grasperk. In die middel van die grasperk staan die kleinerige kantoorgebou, ewe netjies met baksteen onderkant, beige geverfde bokant en rooi sinkdak. Regs daarvan is ’n tweede rooibaksteengebou met hoë mure en klein draadbedekte venstertjies – duidelik die plek waar die selle is. ‘n Wit bordjie dui die parkeerterrein aan onder ‘n paar groot ou bloekombome. Net een ander voertuig, ‘n swart Ford Ranger-bakkie met ‘n klomp blink chroom op, staan daar. Arrie parkeer sy ou Toyota langs die Ford en stap met die sementpaadjie na die kantoor toe.

Toe hy by die aanklagkantoor instap, kom ‘n man skielik orent van waar hy gebukkend met sy rug na Arrie oor ‘n tafel staan. Hy kyk verbaas om. Agter die tafel, wat eenkant van die hoë toonbank staan, sit ‘n swart vrou. Sy loer verby

die groot man en lyk ook ietwat onkant gevang.

Vir ‘n oomblik sien Arrie ’n kilheid in die groot man se oë. Maar dan blom sy gesig oop in ‘n glimlag, en hy draai om en stap na Arrie met ’n uitgestrekte hand.

“Doors Goosen is die naam. Aangenaam!” bulder hy. Arrie staal sy hand voor die reus s’n daarom vou; die man skud dit geesdriftig.

“Aangename kennis. Ek is Adriaan Botha.”

Die man voor hom moet omtrent twee meter lank wees. Hy het ‘n welige baard en breë skouers. Sy maag hang oor sy kakiebroek se belt. Verby hom, uit die hoek van sy oog, sien Arrie hoe die vrou iets van die tafel af laat glip, en hy hoor hoe die laai vinnig toegestoot word. Dan skuif sy haar stoel terug en kom stadig orent.

“May I help you?”

Arrie bevry sy hand uit die stewige greep en tree om die reus na die vrou. “Asseblief, ja. Ek wil ‘n diefstal aanmeld. My sonpaneel is gesteel.”

Die vrou sak stadig in haar stoel terug en tel die telefoon se handstuk op. “Someone for you,” sê sy ná ‘n paar oomblikke en sit dit terug op die mikkie. “The sergeant is coming.” Sy klink maar stug.

Arrie draai terug na Doors, maar agter hom is nou niemand nie; die vent het soos ‘n groot speld verdwyn. Buite klap ‘n voertuig se deur en kort daarna brul die Ford se enjin. Toe hy terugdraai na die vrou, is sy ook weg. Arrie is effens uit die veld geslaan. Hoe kon sy so skielik verdwyn?

Hy gaan sit op die houtbankie teen die muur en kyk deur die vertrek. Aan sy linkerkant is die lang toonbank van die aanklagkantoor. Voor hom, aan die oorkant van die vertrek,

staan die leë tafel waar Houdini so pas nog gesit het. Agter dit is ‘n oop deur na êrens.

Op daardie oomblik gaan die deur in die hoek agter die toonbank oop en ‘n swart polisieman kom in. Hy trek die deur agter hom toe en groet beleefd in Afrikaans. Arrie kom orent en stap nader. Hy is verbaas oor ‘n swart polisieman wat uit die staanspoor Afrikaans praat. In Johannesburg was dit altyd Engels. Hy sien die sersantkenteken en die metaalnaamplaatjie. Jakob Mogale.

“Goeiemôre, ek wil asseblief ‘n diefstal aanmeld. My sonpaneel is gesteel.” Verbeel hy hom of het die sersant se lyf ‘n vlietende oomblik verstyf?

Die polisiesersant steek sy hand oor die toonbank na Arrie uit. “Sersant Mogale, tot u diens.”

Arrie is ietwat uit die veld geslaan deur die polisieman se houding. In die stad was hulle baie meer saaklik, amper kortaf en ongeërg. Hy skud die sersant se hand met die drie grepe van die Afrika-groet. “Adriaan Botha.”

“U sê u sonpaneel is gesteel. Waar het dit gebeur?” vra die sersant terwyl hy ‘n papier nader trek en ‘n pen uit ‘n staander haal. Hy buk oor die papier, gereed om Arrie se verklaring af te neem.

Arrie is steeds verbaas oor die goeie Afrikaans wat die polisieman besig. “Ek is van Adriaanshoop af, hier agter die berg.” Hy beduie oor sy skouer. “Dit was naby die huis.” Hy huiwer ‘n oomblik. “Wel, seker so 500 meter van die huis af, in die veld.”

Die sersant sit die pen neer en kom regop. Hy kyk stip na Arrie maar dit klink asof hy met homself praat: “Joune is nie die enigste een nie. Daar is nou al vyf ander dié week

gesteel. Dit klink nie soos gewone tsotsi's nie; eerder soos sindikaatwerk."

Die stelling kom lê koud oor Arrie. Hy wil nie dink dat hiér, ver van die stad af, ook sindikate is nie. Misdaadsindikate. Hy onthou die doodgeveegde spore; 'n gewone skelm sou nie soveel moeite gedoen het nie … "Waar's die ander panele gesteel?"

"Almal hier in die omgewing rond." Sersant Mogale beduie met 'n swaai van sy kop. "Al vyf by plase." Dan tel hy weer sy pen op, saaklik, en kyk na Arrie: "Laat ons u verklaring afneem. Volle name en ID-nommer?"

Arrie praat en sien hoe Jakob Mogale konsentreer om alles neer te skryf. Hy skat die sersant so in sy laat dertigs. Mogale het 'n fyn, intelligente gesig en ligte gelaatstrekke. Hy lyk vir Arrie soos 'n Bapedi. Sy uniform is netjies en sit goed aan sy lyf. Die konsentrasie op sy gesig is nie soos een wat sukkel om te skryf nie, maar eerder soos iemand wat alreeds besig is om die feite te analiseer.

Toe hy klaar is, gee hy die papiere aan Arrie. "Lees asseblief en teken hiér," hy beduie met sy vinger, "mits alles reg is." Hy stoot die pen oor die toonbank na Arrie.

Arrie teken die verklaring en gee dit aan die polisieman terug. "Dit lyk reg, Sersant." Hy wil nie eintlik 'n geselsie met die man aanknoop nie, maar wonder tog: "Is u van hierdie omgewing?"

Sersant Mogale lag gemoedelik en vra: "Nou wat laat u dink ek kom van êrens anders af?"

Arrie voel verleë, hy weet nie wat om te antwoord nie.

"Maar nee, ek's eintlik van Pretoria af. Ek het in Mamelodi grootgeword. Ek is verlede jaar hierheen gepos …" Die

sersant huiwer asof hy skielik worstel met wat hy wil sê. Dan gaan hy voort, nou weer formeel: "U moet maar plan maak as u weer 'n sonpaneel gaan opsit. Die skelms kom terug en vat hom ook. Hulle weet daar sal 'n nuwe een wees."

Sersant Mogale se waarskuwing skop aan die vrees wat deesdae binne-in Arrie lê. Hulle kom terug … "Vang julle dan nie die skelms nie?" wonder hy hardop. Die sersant kyk hom skerp aan.

"Ons werk daaraan," sê hy. "En ons sál hulle kry. Pas jy net solank op dat hulle nie jou nuwe sonpaneel ook kom steel nie." Die "u" is skielik vergete.

The police will leave no stone unturned to apprehend those responsible … Dié moeë refrein weerklink in Arrie se kop. Hy kan nie help om te wonder hoedanig die polisie kop in een mus met die skelms is nie. Hy dink weer aan die vrou by die tafel toe hy nou-nou hier ingestap het. Êrens op die randjie van sy onderbewuste is daar iets wat pla oor die groot boer en die bontrokvrou; dit is asof sy binnekoms hulle onkant gevang het …

"Dis reg, Meneer Botha. Ek sal later vanoggend iemand uitstuur om te kyk vir vingerafdrukke en spore. Moet asseblief niks verder doen voor hy daar was nie," onderbreek sersant Mogale sy gedagtegang. Sy lyftaal sê hulle is nou klaar en Arrie kan maar gaan. Dit voel asof die sersant net nie meer heeltemal so hartlik is as toe hulle flussies ontmoet het nie.

Buite staan Arrie se bakkie nou alleen onder die bloekombome. Hy klim in en skakel die enjin aan. Dan val dit hom by, hier moet tog sein wees. Dalk is daar nuus van die baas af? Hy grawe sy selfoon vinnig uit en loer op die skerm. Daar's genoeg balkies, maar geen boodskappe nie.

Die baas het gesê hy moet geduldig wees. Arrie sug – dis nou al tien dae! As hy teen Maandag nog niks gehoor het nie, gaan hy terug, sowaar as vet. Die sonpaneel en die slang het hom ’n wyle laat vergeet. Maar hy wíl nie hier wees nie; hy hoort nie hier nie. Stadig ry Arrie by die groot hek uit. Hy moet Springer nog gaan haal.

≈≈≈

Die grondpad tussen Rankinspas en Vaalwater loop styf teen die Voorberg verby. Regs van Arrie strek landerye en weivelde tot ver in die dynserigheid van die Almavallei. Hy ry verby etlike plaasingange, sommige met indrukwekkende bouwerk en naamborde, ander vaal en vervalle, weggesteek tussen struike en gras. Die grondpad is breed maar stamperig, en Arrie is verplig om stadig met die ou, afgeleefde bakkie te ry. Soms as hy spoed optel om gemakliker oor die sinkplate te vlieg, tref die bakkie los sand en dan moet hy net vinnig regmaak om nie te gly nie. Hy lig sy voet effens van die pedaal af en vereenselwig hom met die rustiger rit. Deur die venster bewonder hy die ruheid van die rante aan sy linkerkant. Dit is meer rots as iets anders. Ruwe rotse, deurspek met bome en struike wat uit skeure en sandkolle tussen die klippe groei. Vir Arrie lyk dit soos ‘n slangparadys. Hy sien weer die groot slang wat met ritmiese kronkels in die gras wegseil op pad na soortgelyke klipstapels op Adriaanshoop …

≈≈≈

Die oggend is nog jonk toe Arrie Vaalwater met die R33 van

Modimolle se kant af binnery. Die hoofpad word hoofstraat en hy verminder spoed. Plek-plek is minibustaxi's besig om mense op en af te laai. Dit val hom op hoe deftig en opgewek die mense lyk, só anders as gedurende die week by die werk. Hy ry by die Vaalwater-hotel verby. Daar is alles nog stil. By die volgende stopstraat draai hy regs uit die hoofstraat en hou 'n entjie verder voor die dierehospitaal stil.

In die ontvangsvertrek sit 'n ouerige dame met 'n dierehokkie op haar skoot. Binne-in miaau 'n kat droefgeestig. Arrie knik vriendelik en stap tot voor die toonbank. Daar is niemand nie en hy wonder wat om te doen. Net toe gaan die spreekkamer se deur oop en 'n jong meisie in 'n ligte oorpak kom uit en stap tot agter die toonbank. Hulle herken mekaar van drie dae gelede toe hy Springer hier kom aflaai het.

"Goeiemore, Meneer Botha," groet sy vrolik. "Jy's hier om Springer te kry, nè?" Arrie is verbaas dat sy sy naam onthou; hulle het mekaar nog net die een keer gesien. Hy loer vlugtig na haar naamplaatjie, maar tevergeefs; uiteindelik moet hy vrede maak met 'n naamlose teruggroet. Agter 'n toe deur hoor hy Springer blaf.

"Ja, iemand het gewhatsapp om te sê ek moet haar vanoggend kom haal. Ek hoor haar blaf, so sy moet seker oukei wees?"

"Sy is meer as oukei, Meneer Botha. As sy nie vandag huis toe gaan nie, gaan Vaalwater nie die naweek rus kry nie." Sy sê dit met 'n knipoog en 'n tergklank in haar stem. Arrie sien sy is mooi, en hy lag saam.

"Ja-nee, sy's 'n handvol," glimlag hy. "Ek's 'n Jack Russell-fan, maar ek gee toe, hulle is lewendige honde. Jy sê sy's darem nou weer gesond?"

“Nee wat, sy is reg, hoor. Gelukkig was die bosluiskoors sonder enige komplikasies. Dokter sal haar nou-nou self uitbring en dan kan jy met hom praat. Ek sal net eers haar pille gee, en ons kan die betaling afhandel. Dan sal ek vra dat hy haar bring.”

Toe sy klaar is, verdwyn sy weer agtertoe. Arrie kyk om hom rond en glimlag vir die dame. Hy hoor Springer blaf, dié keer nader. ‘n Paar oomblikke later gaan die deur oop en die veearts stap in met sy hond aan ‘n leiband. Springer se gesig blom van blydskap toe sy Arrie sien, en sy beur verwoed aan die leiband om by hom uit te kom. Net toe Arrie afbuk om haar op te tel, miaau die kat weer en soos blits verander Springer van koers en beur met alle mag in die rigting waar die gemiaau vandaan kom. Gelukkig is die veearts wakker vir dié soort situasie en hy hou die leiband stewig vas.

“Los!” gil Arrie en raap Springer op. Die hond wriemel in sy arms en hy moet haar styf vashou tot sy uiteindelik bedaar. Hy maak verleë verskoning teenoor die dame.

Arrie bedank die veearts en stap met die Jack Russell in sy arms by die voordeur uit, die oggendson in. Springer wil hom soen, maar hy draai laggend weg en druk sy gesig in haar nek. “Ja, my hondjie; ja, my hondjie,” mompel hy. Dis heerlik om haar weer vas te hou. “Kom! Kom ons gaan huis toe.”

Hy sluit die bakkie oop, sit haar versigtig in en skuif agter die stuurwiel in. “Ja, jou blikskottel,” sê hy stadig en kyk lank na haar. Springer glimlag vir hom met ’n lang rooi tong en haar stert wat steeds woes waai, en fokus dadelik weer op die mense wat nou meer geword het op die sypaadjie. Sy blaf opgewonde.

Arrie ervaar ′n diep dankbaarheid dat sy nie vanmôre saam met hom in die rantjies was nie.